

24 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 3:21-24**  
**Fokusgedeelte: Spreuke 3:21-24**

### **Dink voor jy praat**

Ons leef in 'n tyd waarin ons elkeen geregtig is om sy eie opinie te lug. Elektroniese media maak dit vir ons maklik om vinnig per e-pos of sms op 'n koerantartikel kommentaar te lewer. Ons tel die foon op en lug maklik ons opinie oor die radio-geselsprogramme. Ons leef in 'n tyd waarin ons kan sê hoe ons voel en hoe ons dink, maar alte dikwels dink ons nie meer oor wat ons sê, of hoe ons sekere dinge sê nie.

Die leermeester in Spreuke onderrig sy leerling om die wysheid as 'n kosbare kleinood te bewaar. In Spreuke 2 en 3 word die waarde van die wysheid so beklemtoon. Wysheid en kennis sal vir hom lieflik wees en dit sal sy hele lewe rig. Wysheid word van die begin van die skepping af aan die mens gegee en nou kan ons ons harte daarop rig om dit met alles wat ons het, te bewaar.

In die enkele verse wat ons hier lees, word die implikasie van God se wysheid vir ons duidelik uitgespel. Die gelowige met 'n wyse hart bewaar dié beleid en oorleg. Die bedoeling hiervan is tog duidelik. Die gelowige dink voordat hy praat. Sy optrede word nie deur sondige begeertes en reaksies voortgedryf nie, maar deur ware wysheid soos dit in die Here se Woord geleer word. Sy beleid, die oortuiging waaruit hy praat, word deur die wysheid van God gerig. Sy oorleg, die maatstaf en oordeel waarmee hy dinge beoordeel, word aan God se geopenbaarde wysheid gemeet. Wanneer dit gebeur, is die uiteinde rustigheid en veiligheid.

Ons Here Jesus Christus het nie uit drif die mense oortuig nie. Selfs aan die kruis, wanneer die spotstemme om hom klink, het hy steeds in die volmaakte wysheid van die Vader opgetree, want Hy is die volmaakte wysheid van God. Laat ons daarom in hierdie dag let op dit wat ons sê. Mag ons die wysheid van God ontvang om die opinie wat ons wil lug en die gesprekke waarin ons betrokke is, taktvol en tot vrede en opbou van ons naaste te doen.

Sing: Psalm 119:5, 22 (Totius)

Ds. C Jooste (Wonderboompoot)